

NUUSGENOOT

Nuusbrief van die ATKV | November 2021

Moenie wonder nie, weet!

DIE ATKV SKEP GELEENTHEDE!

“Elke nuwe dag is ’n geleentheid om jouself te verbeter - neem dit met beide hande en maak die meeste van dit.” - Onbekend.

Sedert 1930 skep die ATKV geleenthede vir ieder en elk. Hetsy dit is om jou talente te ontgin, jou persoonlike ontwikkeling te verbeter of jou horisonne te verbreed - die ATKV is ’n organisasie wat werk vir jou.

Deur ATKV-Crescendo gaan Jodi Jantjies van krag tot krag en sy kan haar drome uitleef - en sodoende haar eerste album uitreik (sien regs).

Die wenner van die ATKV-DigiToneelkompetisie is tydens die finale episode van Gekies vir die Kollig gekroon, ’n geleentheid wat Elzaan Daniels, Themelios Demas en Zara van der Westhuizen na nuwe hoogtes sal neem.

Nuutgeskrewe monoloë wat tieners self vir vanjaar se ATKV-DigiToneelkompetisie geskryf het, is in ’n bundel saamgevat om die besondere werk te verewig.

Verder skep die ATKV-takke geleenthede om na Covid-19 weer stelselmatig #weesdieverskil geleenthede aan te bied.

Die Vlam vir Afrikaans is tuis - lees meer [hier](#).

Dis duidelik: Die ATKV skep geleenthede - neem dit met beide hande en wees die beste wat jy kan wees!

Lekker lees vrinne!



Jodi Jantjies, sangeres en liedjieskryfster, gaan hopelik binnekort ’n huishoudelike naam word en die Suid-Afrikaanse musiekbedryf aangenaam verras met die bekendstelling van haar debuutalbum hierdie week.

Dié 21-jarige sangsensasie, in Mitchell’s Plein gebore en getoë, stel haar 10-liedjie-album, WOORDE, hierdie Woensdag 27 Oktober 2021 bekend op al die vooraanstaande digitale musiekplatforms.

“Dit was nog my hele lewe lank my grootste droom om my eie musiek bekend te stel. En nou, met die bekendstelling van my eie album waarna mense kan luister en hopelik inspirasie kan put uit die verskillende musiekgenres wat ek ingesluit het, kan ek uiteindelik uitsien na die verwesenliking van my droom,” sê die Afrikaanse musiekster, wat haarself as “skaam en stil” beskryf.


Lees [HIER](#) meer. 

Taalgenoot wen ’n Pendoring!

Gedurende die 2021 virtuele Pendoring-toekenningsgeleentheid op vyf November, het Taalgenoot weggestap met ’n Silwer Pendoring. Dit is die eerste keer dat dié korporatiewe tydskrif die gesogte prys wen. Taalgenoot was in die Algemene Publikasie-afdeling ingeskryf saam met ander groot kannonne in die bedryf soos Pan MacMillan en Naledi.

Die ATKV tel ook onder die Pendoring Top Vyf inhoud-uitgewers vir 2021. Die ATKV se reklameveldtog vir 2021, #weesdieverskil, was ook ’n finalis in die filmafdeling. Baie geluk!

Onthou om ook ’n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.



Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil



ATKV



Afrikaans se vlam brand hoog!

Toe Sakkie Kotze (72), voormalige voorsitter van die ATKV-tak Centurion, besluit het om 'n vlam vir Afrikaans te laat brand was dit om die erkenning van Afrikaans as amptelike taal op 8 Mei 1925 te herdenk.

Die Vlam vir Afrikaansprojek het egter veel meer gedoen as bloot erkenning aan die ontstaan van die taal te gee.

Mense het weer begin dink oor die taal, die taal onder mekaar begin vier en ook boodskappe oor Afrikaans die wêreld in gestuur.

Die idee vir die projek het jare terug by Sakkie posgevat toe hy as jong Afrikaans onderwyser by Helpmekaar Kollege in Johannesburg begin skool gee het.

Hy sê: "Die vlammetjie (om iets te doen) het heeltyd in my hart gebrand.

Toe ek ook begin skool hou en die wonderlike talent by ons kinders is vir Afrikaans sien, en toe ek baie later inspekteur word en ek sien die entoesiasme by ons onderwysers om Afrikaans aan te bied, het ek begin dink aan 'n manier om dit te vier."

Sakkie, ook oud-direksielid van die ATKV, vertel sy liefde vir Afrikaans het werklik begin blom toe hy begin skool gee het.

In die laat sestigerjare het hy saam met wyle mnr. Louis Malan Afrikaans gegee, dieselfde mnr. Malan wat ook eens op 'n tyd vir hóm Afrikaans gegee het.

Lees meer [HIER](#).



Jong talent en groot passie is gekies vir die kollig

Elzaan Daniels



Themelios Demas



Zara van der Westhuizen



Die ATKV het vanjaar die teatergrense verskuif met sy DigiToneelkompetisie deurdat die top-10-finaliste hulle buiging gemaak het in ons eie nuutvervaardigde realiteitsreeks vir Via, Gekies vir die Kollig, op DSTV-kanaal 147.

Honderde inskrywings, sewe mentorbeoordelaars, tien finaliste en een wat gekies is vir die kollig! Die wenner van die ATKV-DigiToneelkompetisie is op 25 Oktober 2021 tydens die finale episode van Gekies vir die Kollig gekroon.

Elzaan Daniels (18) van die Hoërskool Jan van Riebeeck is gekies vir die kollig met haar eie nuutgeskrewe monoloog, My future is innie verliede.

Dr. André Gerber (mentorbeoordelaar) beskryf haar teks as verbysterend, eerlik en van die hart. Wilhelm van der Walt (mentorbeoordelaar) beskryf haar spel as dié van iemand wat haar lewe aan die lyn laat hang, en geloofwaardig omdat elke oomblik uit die hart kom.

Elzaan stap weg met 'n kontantprys van R5 000, die ATKV-DigiToneeltrofee en 'n jaar se lidmaatskap tot Novieguide se praktiese inleidingskursus tot film en spel vir die kamera.

Die naaswenner is Themelios Demas van die Hoërskool Tygerberg met sy monoloog, Dis mos wat pa's doen.

Lees [HIER](#) meer.



DIE ATKV IS TOEKOMSFIKS!



Ruzanne van Beulen, lid van ATKV-tak Sommer net ons, deel haar gedagtes oor die jeug se optimistiese kreatiwiteit.

Pandemie, geweld en onluste is woorde wat ons so diep as moontlik wil begrawe. Die mens se rol is om in beheer te wees.

En as ons onkant betrap word, maak dit ons angstig en kwesbaar.


Sosiale en fisiese inperking het die aanbod van gemeenskapsprojekte bemoeilik terwyl interaksie met mekaar eintlik ons manier van asemhaal is. Tog, te midde van al die onsekerheid was daar 'n vars stroom energie wat die grys voor ons visie weggeskuif het.

Die jeug was gereed om aan te pas by die groot ommeswaai in menslike geskiedenis.

Innoverend en vasbeslote het hulle die toekoms se deure wyer oopgestoot. Daar is geen beperkings op of grense vir hulle optimistiese kreatiwiteit nie.

Met die herontdekking en herskepping van myself het ek weer eens besef hoe belangrik die jeug se insae is vir suksesvolle samewerking tussen die jeug en die ouer generasie. Almal het die jeug se insae, moed en energie nodig om by die veranderde normaal aan te pas.

Lees [HIER](#) meer.



Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil



ATKV